HOËRSKOOL RANDBURG

JAARVERSLAG

2019

ALGEMENE INLIGTING

LEERDERTAL : 10DE SKOOLDAG : 2019

	Seuns	Dogters	Totaal
Gr 8	85	82	167
Gr 9	78	81	159
Gr 10	76	83	159
Gr 11	80	81	161
Gr 12	56	40	96
Totaal	375	367	742

DIE VOLGENDE VAKKE WORD BY DIE SKOOL AANGEBIED

GRAAD 8 EN 9: ALGEMENE OPVOEDING EN OPLEIDING (GET)

Die volgende leerareas, wat onderhewig is aan die voorskrifte van die Departement van Onderwys, word gevolg:

- Taal, Geletterdheid en Kommunikasie;
- Wiskunde;
- Natuurwetenskap;
- Sosiale Wetenskap;
- Tegnologie;
- Lewensoriëntering;
- Ekonomiese en Bestuurswetenskap;
- Kuns en Kultuur.

Graad 9-leerders skryf psigometriese toetse ten einde die regte vakkeuse vir graad 10 te maak. Die Sentrum vir Akademiese Uitnemendheid verleen dan individuele hulp aan graad 9-leerders en hul ouers sodat hulle 'n ingeligte en verantwoordelike besluit kan neem.

GRAAD 10 TOT 12: VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING (FET/VOO)

Leerders wat die VOO suksesvol voltooi, ontvang aan die einde van graad 12 'n sertifikaat. Hierdie VOO-sertifikaat is 'n vlak-4-kwalifikasie, soos bepaal deur die Nasionale Kwalifikasie-owerhede.

Die doel van die VOO is om:

- leerders met kennis, vaardighede en waardes toe te rus om sinvol in die gemeenskap deel te neem;
- 'n betroubare en geloofwaardige basis te vorm vir verdere toelating tot Hoër Onderwys;
- werkgewers 'n realistiese profiel van die leerder se kennis, vaardighede en vermoë te gee.

Die VOO bestaan uit 'n fundamentele komponent en 'n kern- en keusekomponent.

FUNDAMENTEEL (Verpligtend)	
	• Afrikaans Huistaal • English Home Language of English First Additional Language • Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid • Lewensoriëntering
KERN & KEUSE	
Kuns & Kultuur	• Ontwerp • Dramatiese Kunste • Musiek • Dans • Visuele Kunste
Sake, Handel & Bestuurstudies	• Rekeningkunde • Besigheidstudies • Ekonomie • Gasvryheidstudie • Toerisme
Vervaardiging, Ingenieurs & Tegnologie	• Ingenieursgrafika en -ontwerp
Mens & Sosiale Studies	• Geografie
Fisiese, Wiskundige, Rekenaar-, Lewens- & Landbouwetenskappe	• Rekenaartoepassingstegnologie • Inligtingstegnologie

	• Lewenswetenskappe • Fisiese Wetenskappe
Na-uurse vakke	• Ontwerp • Musiek • Inligtingstegnologie • Rekenaartoepassingstegnologie • Ekonomie

GEVORDERDE WISKUNDE

Die sillabus van hierdie addisionele vak is gerig op leerders wat goed presteer in Wiskunde om hulle hoër denkprosesse te ontwikkel en hulle op 'n suksesvolle universiteitsloopbaan voor te berei.

Die vak word onder leiding van '*AdMaths*' in Brackenfell aangebied. Leerders kan reeds in graad 8 inskryf. Klasse is een keer per week, een en 'n half uur lank. Lesinhoud en ander inligting word op elke leerder se eie webprofiel gepubliseer.

Mev. Ellenize Mans bied die graad 11- en graad 12-klasse aan, mev. Corlia de Villiers is die onderwyser vir graad 10-leerders, me. Leoné Terblanche vir graad 9-leerders en mev. Rina van Heerden vir graad 8-leerders.

Assessering word gedoen deur middel van tutoriale en formele toetse en eksamens. In graad 12 word die voorbereidende en eindeksamen van die Onafhanklike Eksamenraad afgelê óf die eksamen word deur '*AdMaths*' opgestel. Leerders ontvang 'n afsonderlike sertifikaat met hulle Gevorderde Program Wiskundepunt.

SPORTSOORTE BY DIE SKOOL

Atletiek, hokkie, krieket, landloop, netbal, perdry, rugby, skaak, skiet, fietsry, swem, tafeltennis en tennis. Ons leerders neem ook aan dans, hengel, karate, skiet, tae kwondo, gholf, bergfietsry, ens. deel.

FASILITEITE

- Sportsentrum - voltooi
- Saalvloer – nuwe vloer geïnstalleer
- Saalgordyne – vervang met nuwes
- Ererolle, geborg deur Educatio Trust, in die saal aangebring
- Vervang al die ligte met LED-buise

OP DIE VERHOOG VIND ONS

Koor en A Capella, Tienertoneel, verhoogproduksies, dramaproduksies, debat (Eng.), redenaars (Afr. & Eng.), *speech guild,* kunskompetisies & kunsuitstallings, skryfkompetisies, Eisteddfod, 'n kultuurfees vir almal, orkeste, sang en instrumentale musiek.

PERSONEELPROFIEL

Hoërskool Randburg se personeel bestaan uit 50 onderwysers, twee opvoedkundige sielkundiges, ses musieksentrumpersoneel, agt administratiewe personeel, twee ondersteuningspersoneel en 15 algemene assistente.

Inligting van onderwysers is as volg.

Ouderdom (in jare)	<30	30 – 40	41 – 50	>50
	6	13	10	21

Totale aantal jare ondervinding	939 (18.78 Gemiddeld)

Totale aantal jare werksaam by Hoërskool Randburg	524 (10.48 Gemiddeld)

Jare graad 12-onderwysondervinding	>30	20 – 29	10 – 19	5-9	1-4	0
	6	7	8	6	8	15

Jare graad 12-nasienondervinding	>30	20 – 29	10 – 19	5-9	1-4	0
	0	2	6	5	7	29

Hoofleiers	13

DUX-leerders	9

Provinsiale sportkleure	15

Tersiêre Kwalifikasies	Nagraadse Diploma (nie-onderwys)	5
	Diploma (onderwys)	25
	B-graad	26
	Hons. & B.Ed.	34
	Meesters	6

ONDERSTEUNERSGELEENTHEDE VIR OUERS

- Hoërskool Randburg se ouers bedryf ondersteuneraksies in verskeie sport- en kultuuraktiwiteite wat fondse vir die ondersteuning van skoolaktiwiteite insamel, d.i. sport, kultuur & akademie. Sulke komitees word behoorlik gekonstitueer.
- Kwaliteit afrigters word, met behulp van ouers vir A- en B-spanne voorsien.
- Toerusting word aangekoop en fasiliteite word uitgebrei en in stand gehou.
- Ouers reël ook jaarliks die matriekafskeid.

ONDERWYSHULPDIENS

In 2019 begin die skool met gratis rekenaarvaardigheidsklasse vir ouers en gemeenskapslede wat werkloos is. Die klasse word weekliks op Maandag van 18:30 tot 20:30 in Engels aangebied.

Die volgende is nog van die dienste wat by die skool aangebied word:

- vakbegeleiding;
- die skool doen psigometriese toetse om leerders met vakkeuse te help;
- beroepsleiding;
- ondersteuning vir onderpresteerders en druipelinge;
- opvoedkundige sielkundige voltyds in diens by die SAU vir korttermyn- intervensies;
- leerfasilitering;

- trauma-hantering en verwysing soos nodig;
- 'n studiewerkswinkel word jaarliks vir graad 8-leerders aangebied.
- Studiemetodekursusse word oor twee dae gehou waartydens die werking van die brein, die hantering van angs, studietegnieke en metakognisie bespreek word. Leerders word ook verskillende memoriserings- en opsommingstegnieke geleer.

Die meeste van dié dienste word aangebied en bestuur vanuit die Sentrum vir Akademiese Uitnemendheid.

GRAAD 8-KAMP & GROENTJIEKONSERT

Sondag, 6 Januarie 2019 om 14:00 het bruingebrande, entoesiastiese SF-lede by die skool aangemeld vir die graad 8-kamp. Die volgende oggend om 09:00 is 168 graad 8's grootoog en spierwit ontvang. Daar is gou maats gemaak, groete aangeleer, die skoollied geoefen en krete uitgewerk. Met die goeie dissipline en goeie spanwerk van die leiers, het hulle een van die beste groentjiekonserte tot op hede gelewer. Ons hou hierdie graadgroep dop, want hulle sterre gaan nog skitter!

MATRIEKAFSKEID

2019 se matriekafskeid was 'n stylvolle funksie te *Bryanston Country Club*. Ouers het weereens geen moeite ontsien om hierdie 'n onvergeetlike aand vir hul kinders te maak nie.

OUERAANDE

Jaarliks word oueraande vir spesifieke grade gehou en ook vakaande waar ouers die geleentheid kry om vakonderwysers te besoek. Graadoueraande word in groepe bygewoon, terwyl algemene aande per afspraak plaasvind.

PERSONEEL WAT IN 2019 BY ONS BEGIN HET

- L Terblanche
- C Bezuidenhout
- I vd Merwe

PERSONEEL WAT ONS IN 2019 VERLAAT

- S Morrison
- A Prinsloo
- A Kirsten

DIE BEHEERLIGGAAM VAN 2019

Personeel: Pieter Booysen (Hoof), Tony Knoetze (Adjunkhoof), Vossie Vosloo (Adjunkhoof), Grethe van Zyl en Tian Mans

Ouers: Jan Bosman (onder-voorsitter), Carolina Henn, Charl Jansen van Rensburg (Sekretaris), André Jooste, Ida Mac Donnell (Tesourier), Jaco Pretorius, Graeme Ross (voorsitter), Riana Prins, Greg Aucamp

Leerders: Louise Mac Donnell, JP Malan

Gekoöpteerde lede: Ellenize Mans, Annette Steenekamp, Santi van den Berg , Kenneth Colin

STUDENTEFORUM

Seniorkomponent (graad 12)

Christiaan Blom, Marc Botha, Marco Botha, Zander Coetzer, Runé De Beer, Megan Diffenthal, Eben Ernst, Jenade Ferreira, Mischké Fourie, Alexia Goosen, Theunis Hellmuth, Kirsten Heymans, Kyla Hoogendoorn, Christine Hovy, Klarika Keyter, Nicola Kotze, Louise Mac Donnell, JP Malan, Jana Morland, Katy Ndlovu, Cobus Pretorius, Lunard Roux, Jaco Schoeman, Izak Smith, Charl Strydom, Ivan Swanepoel, Leneé Terblanche, Roxanne van Reede van Oudtshoorn, André van Jaarsveld, Christelle van Wyk, Stefan vd Berg, Charné Vd Merwe, Bianca Visagie, Cari-Juané Wessels

Juniorkomponent (graad 8 tot 12)

Gr 8	A:	Reece Parklin en Shani Janse van Rensburg
	B:	Rüdiger Düsselberg en Shannon van der Walt
	C:	DJ van der Linde en Mia le Roux
	D:	AJ Marais en Lieneke Lombaard
	E:	Ruan Potgieter en Ciska Raubenheimer
	F:	Dian Naude en Anke de Fray
	G:	Marco Prins en Tayla Smith
Gr 9	A:	James Ackroyd en Elca van den Heever
	B:	Jacques Cronje en Zonica Lindeque
	C:	Stephan Mans en Gizanne Lamprecht
	D:	Arno Janse van Rensburg en Dané Kotze

	E:	Daniel Herbst en Carla de Wit
	F:	Charl van den Berg en Chloë van der Westhuizen
Gr 10	A:	Franz Pretorius en Maria de Kock
	B:	Marnus Kotze en Tina Meyer
	C:	William Morland en Juané Meintjies
	D:	Wihan Steyn en Pansy Blessie
	E:	Randy Montshiwagae en Suné Jooste
	F:	Lardo de Beer en Christelle Burchell
Gr 11	A:	Pieter-Jan Bosman en Amica Human
	B:	Albert Kirsten en Anya Simpson
	C:	Tristan Peebles en Hannah van Zyl
	D:	Francois Botha en Lené van Heerden
	E:	Alex Mollema en Romi Blom
	F:	Rynard Swanepoel en Carla Fourie
Gr 12	A:	Rikus Cronje en Jade Ferreira
	B:	Ruben Bruwer en Angelique Bredenkamp
	C:	Armand Terre'blanche en Lourinda Janse van Vuuren
	D:	Christiaan Keet en Leandré Visagie

2019 GRAADVOOGDE & REGISTERONDERWYSERS

Graad 8	Graad 9	Graad 10	Graad 11	Graad 12
E du Toit	P Els	L Naudé	E Gouws	E de Meillon
I Wagenaar	S Piek	S vd Berg	C de Villiers	C Mostert
A C Engelbrecht	A R v Heerden	A D Fourie	A S Carelse	A C van Biljon
B M Coetsee	B I vd Merwe	B E Gerber	B S de Kock	B M Labuschagne
C N vd Westhuizen	C T du Plessis	C F Birkenstock	C S vd Merwe	C C Smuts
D C vd Heever	D A Prinsloo	D M Dunn	D C Tepper	D A Erasmus
E L Terblanche	E C Bezuidenhout	E G Marshall	E M Strachan	
F K Brits	F C Basson	F C de Beer	F H Fourie	
G M Wentzel				

FINANSIES (2019)

Die finansiële posisie van Hoërskool Randburg gedurende 2019 was gesond. Hoewel die ekonomie ons ook druk, was uitgawes binne begroting en het ons besparings sover moontlik probeer aangaan. Dankie aan alle ouers wat getrou hulle skoolgeldverpligtinge nagekom het. Teen die ouers wat geen reëlings met die Beheerliggaam getref het vir betaling van skoolgelde nie, moes daar noodgedwonge verdere stappe gedoen word. Baie aandag word geskenk aan die invordering van agterstallige skoolgelde.

Baie dankie aan die Finansiële Komitee wat baie tyd ingesit het om die finansiële stand van die skool op gesonde wyse te bestuur.

AKADEMIE 2019

GRAAD 12 : VOOR HERMERKE

98 kandidate skryf die finale Nasionale Senior Sertifikaateksamen van 2019 soos deur die GDO afgeneem en 97 slaag. 138 vakonderskeidings word behaal.

AKADEMIESE REKORD VANAF 1996

Jaar	Kandi-date	Druipe- linge	Vry-stelling	% Vry-stelling	Aantal A-simbole	A-simbole per leerder	Individuele prestasies					
							10A's	9A's	8A's	7A's	6A's	5A's
1996	185	0	124	67.03	122	0.66					3	3
1997	179	1	93	51.96	123	0.69				1	3	5
1998	186	0	120	64.52	110	0.59					2	7
1999	212	0	121	57.08	135	0.64				3	2	2
2000	196	0	136	69.39	156	0.80				3	3	3
2001	231	0	179	77.49	274	1.19				1	3	8
2002	199	0	143	71.86	319	1.60			1	4	8	13
2003	197	0	117	59.39	282	1.43			1	5	8	4
2004	173	0	113	65.32	251	1.45			3	2	8	7
2005	171	0	112	65.50	286	1.67		1	2	7	8	6
2006	163	0	113	69.33	215	1.32				6	7	5
2007	175	2	120	68.57	170	0.97		1	0	4	5	3
2008	174	1	147	84.48	269	1.55		3	4	3	7	3
2009	154	0	124	80.52	262	1.70		0	2	5	5	8
2010	124	0	89	71.77	218	1.76		1	2	2	8	8
2011	107	0	77	71.96	146	1.36	1	2	1	1	3	2
2012	143	0	97	67.83	177	1.24	0	1	4	4	2	4
2013	141	2	110	78.01	244	1.73	0	4	2	3	3	5
2014	128	0	95	74.22	190	1.48	0	0	2	5	5	2
2015	127	0	98	77.17	185	1.46	0	3	2	3	2	2
2016	150	0	107	71.33	250	1.67	0	0	3	5	6	5
2017	119	1	77	64.71	205	1.72	0	0	1	3	7	7
2018	144	0	134	93.06	283	1.97	0	0	1	4	7	6
2019	98	1	92	93.88	138	1.41	1	1	2	2	2	1
TOTAAL:	3876	8	2738	70.64	5010	1.29	2	17	33	76	117	119

SIMBOOLVERSPREIDING



INDIVIDUELE PRESTASIES

TIEN ONDERSKEIDINGS

Klarika Keyter

Afrikaans Huistaal
English Home Language
Wiskunde
Lewensoriëntering
Ontwerp
Ekonomie
Geografie
Lewenswetenskappe
Fisiese Wetenskappe
AdMaths

NEGE ONDERSKEIDINGS

Eben Ernst

Afrikaans Huistaal
English First Additional Language
Wiskunde
Lewensoriëntering
Rekeningkunde
Dramatiese Kunste
Ekonomie
Geografie
Fisiese Wetenskappe

AGT ONDERSKEIDINGS

Christine Hovy

Wiskunde
Lewensoriëntering
Ekonomie
Geografie
Fisiese Wetenskappe
Visuele Kunste
AdMaths
AP Maths (IEB)

JP Malan

Engels Eerste Addisionele Taal
Wiskunde
Lewensoriëntering
Ingenieursgrafika en –ontwerp
Inligtingstegnologie
Fisiese Wetenskappe
AdMaths
AP Maths (IEB)

SEWE ONDERSKEIDINGS

Roxanne van Rheede van Oudtshoorn

Afrikaans Huistaal
Engels Eerste Addisionele Taal
Wiskunde
Lewensoriëntering
Lewenswetenskappe
Musiek
Fisiese wetenskappe

Lunard Roux

Afrikaans Huistaal
English First Additional Language
Wiskunde
Lewensorientering
Dramatiese Kunste
Ingenieursgrafika en –ontwerp
Fisiese Wetenskappe

SES ONDERSKEIDINGS

Cobus Pretorius

Engels Eerste Addisionele Taal
Wiskunde
Lewensoriëntering
Rekeningkunde
Ingenieursgrafika en –ontwerp
Fisiese Wetenskappe

Kiana Steyn

Afrikaans Huistaal
English Home Language
Wiskunde
Lewensoriëntering
Rekeningkunde
Ekonomie

VYF ONDERSKEIDINGS

Leneé Terblanche

Afrikaans Huistaal
Engels Huistaal
Wiskunde
Lewensoriëntering
Rekeningkunde

VIER ONDERSKEIDINGS

Nicola Kotze

Engels Eerste Addisionele Taal
Lewensorientering
Rekenaartoepassingstegnologie
Dramatiese Kunste

Avian du Plessis

Wiskunde
Lewensoriëntering
Rekenaartoepassingstegnologie
Inligtingstegnologie

DRIE ONDERSKEIDINGS

Louise Mac Donnell
Stefan van den Berg
Ivan Swanepoel
Cari-Juane Wessels

UITSLAE VAN ANDER GRADE VIR 2018

Graad	Aantal	Druipelinge	Toppresteerders
8	163	9	Shani Janse van Rensburg
9	146	6	Chrstelle Jones
10	157	11	Zander Janse van Rensburg
11	160	11	Pieter-Jan Bosman
12	98	1	Klarika Keyter

GEEXpo

Die Vaaldriehoekkampus van die Noordwes-Universiteit se Departement Ekonomiese Wetenskappe & Inligtingstegnologie, bied die afgelope vyf jaar 'n GeeXpo (*"Expo for Geeks"*) aan. Nege Inligtingstegnologie-leerders het die dag bygewoon en aan verskeie aktiwiteite, wat te doen het met Wiskunde en Inligtingswetenskappe, deelgeneem. Daar was ook 'n "*RoboFest*".

AKADEMIESE PRESTASIES & OLIMPIADES

- Twee (graad 8-leerders), dertien (graad 9-leerders), twee (graad 10-leerders), ses (graad 11-leerders) en twee (graad 12-leerders) dring deur na die tweede rondte van die SAMO-Wiskunde-Olimpiade.
- Klarika Keyter dring deur na die finale rondte van die Suid-Afrikaanse Wiskunde Olimpiade.
- RTT-Olimpiade: brons sertifikate aan Christiaan Blom, Amica Human, Jana Morland, Samantha Novello, Rouxmon Visagie. Silwer sertifikate: Romi Blom, Katryn Henn en David Shore. Goue sertifikate aan: Avian du Plessis, Carla Fourie, Amory Minnaar, Phoebe Opperman, Nino Sablone en Ruan van Reenen. Avian verteenwoordig Hoërskool Randburg in die finale rondte in Kaapstad en verower 'n brons medalje, 'n kontantprys vir homself en die skool.
- Pieter-Jan Bosman en mev. Dunn is die enigste persone in Gauteng wat gekies is om die *Republic of Korea, 9th E-ICON World Contest* by te woon.
- Die graad 8-AdMaths-leerlinge is die enigste leerlinge in die land wat die voorreg het om klas in AdMaths te ontvang. Hulle behaal 'n uitstekende gemiddeld van 86.67%.
- Ses leerders neem aan die *English Olympiad* deel. Hulle is Bianca van Niekerk, Suné Botha, Levonne Roux, Dylan Botha, Kiana Steyn en Jana Morland.
- Rhodes-Universiteit bied jaarliks 'n Engelse Olimpiade aan wat 'n vooraanstaande nasionale kompetisie is. 582 leerlinge het op *First Additional Language* vlak deelgeneem en ons is trots om aan te kondig dat Dylan Botha as een van die top-tien kandidate benoem is.
- Shani Jansen van Rensburg, Laura-Leigh Tuohy, Dané Kotzé, Anja Pampel, Carla de Witt, Wiliam Morland en Suné Botha word uitgenooi om in Oktober aan die Nasionale rondte van die Sanlam Joe, Wow Spelfees deel te neem.

AKADEMIESE UITSTAPPIES

- Sestig dramaleerders besoek die Markteater op 3 Oktober 2019,

SPORT

Hoërskool Randburg het na groot afwagting uiteindelik by *Mind Sport South* Africa aangesluit. Esport staan vir elektroniese sport en word gebruik om enige kompeterende videospeletjies te beskryf. Op skoolvlak kan leerders provinsiale en selfs nasionale kleure vir dié sport verwerf. Die MSSA besluit op die spesifieke speletjies wat in die skoolliga gespeel word en ons hou baie streng by die betrokke ouderdomsbeperkinge van elke speletjie.

NASIONALE DEELNAME EN SPRINGBOK-KLEURE

- Mieke Schutte is gekies vir die Gauteng onder 16B-Waterpolospan wat aan die SA-Skoletoernooi in Oos-Londen deelgeneem het.
- Stephan Arnold, graad 8, neem aan die SA-Fietsrykampioenskap deel.
- Alessandro Biagoni neem aan die Gauteng-Karate-Proewe deel en behaal 'n eerste plek. Hy dring deur na die Nasionale Karate- Kampioenskap, waar hy Gauteng in die SA-Karate-Toernooi verteenwoordig.
- Allesandro Biagioni neem aan die Karate Suid-Afrika se Liga-Kampioenskap in Potchefstroom deel. Hy het 'n eerste plek in *Kata* behaal, 'n tweede plek in *Kumite* en word geskies om Suid-Afrika by die WKF-Wêreldkampioenskap in Chile te verteenwoordig. Hiermee verwerf sy vir die derde keer Protea Kleure in karate.
- Lené van Heerden ontvang Nasionale kleure vir atletiek.
- Albert Kirsten word in die Suid-Afrikaanse o/17-TSA-Tennisspan opgeneem.
- Marco Prins, graad 8, kwalifiseer vir die SA-Vyfkamp Kampioenskap.
- Daniel Botha behaal goud by die jaarlikse Judo SA-Kampioenskap en het in Mei sy Nasionale Protea Kleure vir sy deelname aan die Afrika Kampioenskap verwerf.
- Ses van ons Goue Leeus skuts behaal wonderlike uitslae tydens die Suid-Afrikaanse Skolekampioenskap: Hulle is: Xander van der Westhuizen, Rikus Bezuidenhout, Wihan Steyn, Chantel da Silva, Matthew Ferreira en Avian du Plessis.
- Tina Meyer neem aan die Suid-Afrikaanse Gimnastiek Federasie se Nasionale Kampioenskap deel en ontvang twee goue en een silwer medaljes.

- Elani van Rooyen word gekies vir die Gauteng Skolespan wat aan die jaarlikse SA-Skole-kampioenskap deelneem.

PROVINSIALE DEELNAME EN GAUTENG-KLEURE

- Stephan Arnold, graad 8, neem aan die Gauteng Fietsry *Time Trail Championship* deel.
- Die volgende tennisspelers word in Gauteng Sentraalspanne opgeneem: Albert Kirsten en Evert van Schalkwyk (o/19A); Bushi Seihleko (o/19B) en Dian Naude (o/15B).
- Marco Prins eindig eerste in die seuns o/15 *Gauteng Modern Pentathlon* en verteenwoordig Gauteng by die *SA Tetrathon* (vyfkamp).
- Marco Prins word gekies om die Gauteng *Modern Pentathlon Association* span by die SA *Modern Pentathlon and Laser Run Championship* te verteenwoordig en eindig algeheel eerste in die seuns o/15-afdeling. In die SA Laesrrun Kampioenskap (seuns o/15-afdeling) eindig hy tweede en kwalifiseer om aan die UIPM Laesrrun Wêreldkampioenskap deel te neem.
- Tennis: Albert Kirsten en Evert van Schalkwyk (o/19) en Rudiger Düsselberg (o/14) neem in Bloemfontein aan die *TSA Nationals* deel.
- Drie van Hoërskool Randburg se tennisspelers wen die A-afdeling van die *Inter Africa* Hoërskool Tennistoernooi.
- Jordan Botha, Kayla la Grange, Minyonne Schutte, Shannon Botha, Anaïs Scott en Bianca Visagie dring na die finale rondte netbalproewe vir die Gautengspan deur.
- Carla Otto, Jana van den Berg, Leanne Perold word tydens die Hoërskool Waterkloof Netbalfees gekies vir die Dubai *fast five* span.
- Alessandro Biagioni neem vir die *Fourways Martial Arts Academy* aan die Karate *Youth League* Toernooi in Limassol, Cyprus deel.
- Anja Pampel en Celeste Ackerman ontvang Gauteng-Wes kleure vir ruitersport.
- Tydens die Noord-Gauteng Skietkampioenskap ontvang Rikus Bezuidenhout 'n algeheel tweede plek in pistooldissipline en Xander van der Westhuizen eindig sesde.
- Krieket Streekspanne: Onder 15: Divan van der Merwe en Frikkie Smith; Onder 19: Theuns Hellmuth, Ruan Henning, Brandon Jantjies, Zander Coetzer en Kahlim Pretorius.
- Ons landloopatlete bereik 'n hoogtepunt met die ASA SA-Kampioenskap wat op 7 September in Pretoria plaasvind met die volgende leerders: CGA A-span: Kimberley

Swanepoel, Jolandi de Beer, Shannon Botha, Runé de Beer, Rynard Swanepoel en Jean Mouton. CGA B-span: Megan Diffenthal.

- Kimberley Swanepoel, Jolandi de Beer, Mignon Bothma, Shannon Botha, Anne Louw, Rune de Beer, Megan Diffenthal, Klarika Keyer, Marco Prins, Andries le Grange, Rynard Swanepoel en Jean Mouton neem op 31 Augustus aan die Gauteng Landloopkampioenskap deel en word gekies om Gauteng by die Skole SA's te verteenwoordig.
- Tina Meyer neem aan die Gauteng Provinsiale Ritmiese Gimnastiek-kampioenskap deel en behaal 'n algehele eerste plek en kwalifiseer om Gauteng by die SA Nasionale Kampioenskap te verteenwoordig.

SPANPRESTASIES

- Tydens die jaarlikse Noordheuwel Top 15-Atletiekbyeenkoms te UJ Stadion, waaraan verskeie provinsies deelneem wen Hoërskool Randburg se span die afdeling vir kleiner skole.
- Hoërskool Randburg se atletiekspan eindig sesde tydens die jaarlikse Interhoër (30 punte agter die tweede plek).
- Tydens die Elardus Erasmus Gedenkbyeenkoms te Naboomspruit op 4 en 5 Oktober 2019 wen die dogters vir die tweede keer in 'n ry die dogterskompetisie. Kayla la Grange word aangewys as die beste dogtersnaelloper en Zonica Lindeque word as die beste veldatleet asook die beste dogtersatleet aangewys.
- Na die NWU Top 30-Atletiekbyeenkoms word Zonica Lindeque aangewys as die beste dogtersveldatleet.
- Die Eerste Tennisspan wen die *Senior High Tennis Tournament* wat deur *St Stithians Boys College* gereël en aangebied word.
- FNB *Classic Clash* teen Hoërskool Linden vind op 11 Mei 2019 plaas. Hoërskool Randburg wen dié dag vier wedstryde en behou die Voorsitterstrofee asook die FNB-Trofee.
- Die Eerste-; o/17-; o/15- en o/14-netbalspanne neem aan die Gauteng Kampioenskap deel.
- Onder 14-netbalspan eindig tweede en die onder 15-span derde tydens die *Fast* 5-netbal-toernooi.

- Die Eerste Krieketspan word na afloop van die Merensky Kriekettoer aangewys as die wenners van die toernooi en Ben Mc Leod en Zander Coetzer word saam met Arno Jansen van Rensburg, onder 15-span, in die *Dream Team* opgeneem.
- Hoërskool Randburg se Paladins Esport-span kwalifiseer vir die nasionale kampioenskap wat op 7 en 8 Desmeber in Sasolburg teen die top spanne in die land deelneem. Hulle is Dietloff Bredenkamp, Elgar Schoeman, Ryan Oosthuizen, Hein Jansen en Leo Schoeman.

KULTUUR

Die dertiende Kriewelfees is in Augustus aangebied. Die Steraand kry 'n nuwe baadjie, steeds die beste van ons eie talent – sang, instrumente, dans, drama, maar in die vorm van 'n kompetisie waar die gehoor stem vir die gewildste sang-, dans- en drama-items.

KOOR

- Die koor, onder leiding van Franco Prinsloo, verwerf goud by die ATKV-Applous se Streekskompetisie.
- Die Skoolkoor sing op Sondag, 24 Februarie in die Fontainebleau Gemeenskapskerk.
- Die koor bied op Sondagmiddag, 10 Mei 'n Soirée in die Ouditorium aan.
- Die koor neem hierdie jaar aan *Sing in Harmonie* wat op *KykNET* uitgesaai word deel en word aangewys as die derde beste hoërskoolkoor in Gauteng.
- Op Saterdag, 11 Mei vind die jaarlikse *Viva la Musica* Koor- en Musiekfees in die Fontainebleau Gemeenskapskerk plaas.
- Twee leerders sing in die Oos-Randse Jeugkoor.
- Franco Prinsloo bedank na die *Sing in Harmonie* kompetisie en oudisies vir die 2020-koor word uitgestel totdat 'n nuwe koorleier aangestel is.

Sopraan van die jaar:	Suné Slabbert
Beste vordering Sopraan:	Shae Hattingh
Alt van die jaar:	Lara Swanepoel
Beste vordering Alt:	Carmin le Grange
Tenoor van die jaar:	Joshua de Wet
Beste vordering Tenoor:	Reuben Cilliers
Bas van die jaar:	André Coetsee

Hoofseun:	Cobus Pretorius
Hoofdogter:	Katy Ndlovu
Onder-hoofseun:	Isak Smith
Onder-hoofdogter:	Louise Mac Donnell

REDENAARS

- ATKV Spraakgilde-Kompetisie:

  Die gr 10- en gr 11-spanne neem aan die kompetisie (532 spanne in totaal) deel. Gr 11-span, wat bestaan uit Maya Münster, Kyle van der Merwe, Lisamare Hellmuth en Michelle van der Merwe, eindig onder die top drie spanne.

  Gr 10: B+, A+, A+

  Gr 11: B+, A++

- ATKV Individuele redenaars:

  Nikita Burger (Gr 12): eerste rondte

  Dietloff Bredenkamp (Gr 9): semi-finaal

  Emma Aucamp (Gr 8): semi-finaal, sesde plek

  Individuele ATKV Redenaars: Emma Aucamp en Dietloff Bredenkamp dring deur na die semi-finaal, waar Emma 'n sesde plek behaal.

- Babbelfees:

  Spanredenaars: Gr 10 (tweede, derde en vierde plekke); Gr 11 (eerste en tweede plekke)

SPEECH GUILD

- Gr 8: A+, B+
- Gr 9: A+, B+
- Gr 10: A+, B+
- Gr 11: A, B
- Gr 12: A
- Trophy Team: Nie deelgeneem nie, as gevolg van botsing.
- *Individual Speaker:* Kiana Steyn (Gr 12): B+

PRODUKSIES

- *Hurk-ules* – Die Pantomime

  Volgens die skryfster, Berdene Burger, is hierdie nuutgeskrewe pantomime geïnspireer deur "heroes" van Stephen Fry en die film, *Herculus,* wat in 1997 deur Walt Disney vrygestel is. Dit was suksesvol en byna al drie vertonings is uitverkoop.

- Buiteskoolse produksies

  Johnny Potsanyane (Gr 10) – Rol in *Getroud met Rugby* op Kyknet, Kortfilm

  Nicola Kotze (Gr 12) – *Born to Perform*

  Cari-Juané Wessels (Gr 12) – *Esencia Flamenca*

SKOOLDANSLIGA

As gevolg van politieke druk het ons van hierdie kompetisie onttrek.

ANDER KOMPETISIES (MUSIEK; DRAMA, DANS, MODELWERK) EN OPTREDES

- Schalk Bezuidenhout bied *Snorseun* in die Blouster-teater aan.
- Twee dansers neem aan die WLDF Provinsiale kompetisie deel. Lerise Botha (graad 8) behaal 'n derde plek in die 0/16 *Lyrical duet* en 'n derde plek in 0/14 *lyrical solo*. Ruth van der Heever behaal 'n tweede plek in die 0/18-*jazz* en 'n vierde plek in die 0/18 *lyrical solo*.
- Roxanne van Rheede van Oudtshoorn is gekies om saam met die Rand Simfonie-orkes by die Linder Ouditorium as solis op te tree.
- Ané Bierman neem aan die *TDA Ballet Repertoire*-kompetisie deel en verwerf 'n tweede plek in die 17 jaar en ouer *contemporary*-afdeling en 'n derde plek in die *Ballet Repertoire,* 17 jaar en ouer.
- Marlé Bosman neem aan die *50th Commonwealth Highland Dance Championship* in Glasgow en die *Crieff Games* in Stirling deel ter voorbereiding van die Wêreldkampioenskap in Dunoon, Skotland.
- Chloë Morrow neem aan die Nasionale finaal van die SATCH-kompetisie in Pretoria deel. Sy ontvang drie goue medealjes in die sangafdeling, een goue medalje vir modelwerk en word genooi na die gala-aand waar sy aangewys word as die *Face of SATCH,* die wenner van die senior modelkompetisie en eindig onder die top tien in die senior sang-afdeling.
- Rickus en Jacques Cronje neem saam met die Oos-Randse Jeugkoor aan die Salzburg *International Choral Celebration and Competition* in Salzburg, Oostenryk, deel.

- Virtuoso, die A Capella-groep, eindig algeheel derde en word bekroon met die Beste Choreografie-toekenning tydens die finaal van die ATKV *Animato* A Capella-kompetisie. Dit beteken dat hulle deel is van 'n televisieprogram wat vanaf Februarie 2020 opgeneem word. Net die top drie skole is deel van die program.
- Thiné Venter is 'n trofeewenner by die Gauteng *Festival* en Roodepoort *Festival* en word genooi om by die gala-aand van die Roodepoort *Festival* op te tree. By die Gauteng *Festival* word Thiné aangewys as die *Open All Rounder* in die *Champs*-afdeling.
- Dominique van Rheede van Oudtshoorn verwerf ook 'n eerste plek in die *Modern Solo Open Character* en *Modern Solo Open Straight* tydens die Roodepoort *Festival* en ontvang die trofee as die wenner van die *Modern All Round Open* asook die algehele wenner. By die Gauteng *Festival* ontvang sy die trofee vir die *Junior Modern* in die *Champs*-afdeling.
- Juanique Cloete (graad 10) neem aan die *Talent Africa Nasionale* rondte deel en word in die SA-span opgeneem om SA in New York by *Talent America* te verteenwoordig. Juanique word ook opgeneem in die SA-span wat in Januarie 2020 aan die *World Championships of Performing Arts* in Kalifornië deelneem.
- Juanique Cloete (gr 10) verwerf vyf goue, vyf silwer en drie brons medaljes by die nasionale rondte van SACOPA.
- Tydens die *Kids with Talent* SA-kompetisie eindig Nicola Kotze (graad 12) as algehele wenner in haar ouderdomskategorie.
- Ruth van der Heever (Gr 11) – *Dance World Cup*: eerste plek – *Contemporary* (groep) opgeneem in SA-span wat in Junie 2019 in Portugal gaan deelneem
- Thiné Venter (Gr 11) – *Dance World Cup*: sesde plek kwalifiseer vir SA-span wat in Jun 2019 in Portugal gaan deelneem, *Hendri Noppe Choreography Competition* – 90%, AIDT gekies vir die *Showcase Performance.*
- Ané Bierman (Gr 11) – CBA tweede plek *Senior Ballet, Most Promising Ballerina; Ballet Repertoire* Kompetisie – tweede plek *contemporary*, derde plek ballet in 17 jaar en ouer afdeling.
- Anaïs Scott (Gr 11) – *American Dance Awards* verteenwoordig SA in New York.
- Dominique van Rheede van Oudtshoorn (Gr 9) - *Dance World Cup*: derde plek, Kwalifiseer vir SA-span wat in Jun 2019 SA in Portugal gaan verteenwoordig.

UNISA-EKSAMENS

- Christelle Jones ontvang 'n Hennie Joubert merieteprys vanaf Unisa aangesien sy in die September 2019-eksamen 100% gekry het. Slegs twee kandidate in die land kwalifiseer vir hierdie toekenning.
- Drie onderwysers ontvang merietesertifikate van Unisa vir uitstaande onderrig. Nadine Pretorius, Annemarie Kirsten en Sarie Jacobs
- Prakties:

  Klarika Keyter (Gr 12): Gr 7 UNISA Klavier – 88%

  Roxanne van Rheede van Oudtshoorn (Gr 12): Gr 7 UNISA Klavier 68%

  Mischké Fourie (Gr 12): Gr 5 UNISA Klavier 76%

  Rickus Cronjé (Gr 12): Gr 6 TRINITY Sang 81%

  James Ackroyd (Gr 9): Gr 4 UNISA Klavier 81%

  Elca van den Heever (Gr 9): Gr 5 UNISA Klavier 80%

  Christelle Jones (Gr 9): Gr 4 UNISA KLavier 83%

  Melissa Collin (Gr 8): Gr 4 UNISA Klavier 80%

  Anke de Frey (Gr 8): Gr 3 UNISA Klavier 84%

  Tayla Smith (Gr 8): Gr 3 UNISA Klavier 82%

  Stephan Mans (Gr 9): Gr 5 UNISA Klavier 75%

  Anke de Frey (Gr 8): Gr 5 ABRSM Fluit 84%

  Anya Simpson (Gr 11): Gr 5 ABRSM Fluit 80%

  Vanessa van Schalkwyk (Gr 9): Gr 3 UNISA Klavier 70%

  Inge Ross (Gr 9): Gr 3 UNISA KLavier 86%

  Juandi Wasserman (Gr 9): Gr 2 UNISA Klavier 86%

  Emma Aucamp (Gr 8): Gr 2 UNISA Klavier 85%

  Joshua Schoeman (Gr 10): Gr 6 UNISA Klavier 68%

  Bianca Treadway (Gr 10): Voorgraad 1 UNISA Klavier 72%

  Zonica Lindeque (Gr 9): Gr 6 UNISA Klavier 68%
- Teorie:

  Klarika Keyter (Gr 12): Gr 6 95% (Ererol)

  Beate Kirsten (Gr 8): Gr 4 80%
- Tydens die Gr 12 Praktiese Musiekeksamen word Nicola Kotze en Roxanne van Rheede van Oudtshoorn genooi om aan die Gauteng Departement van Onderwys se "Best Performance"-konsert deel te neem.

TRINITY PERFORMANCE ARTS EKSAMENS

- Lyla Flockhart (Gr 10) : Graad 7 Drama 83% (*Merit)*

VOORTREKKERS

Rickus Cronje, Eben Ernst, Klarika Keyter, Mischké Fourie, HG Myburg, Zander Swanepoel en Eduan Naudé slaag die Presidentsverkenner-eksamen.

EISTEDDFOD TOPPRESTASIES

- Sentraal Gauteng:
  - Rickus Cronjé (Gr 12): Kategoriewenner
  - Henro Steyn (Gr 8): Kategoriewenner
  - Klarika Keyter (Gr 12): Kategoriewenner
  - Isak Smith (Gr 12): Kategoriewenner
  - Ciska Raubenheimer (Gr 8): 2x Kategoriewenner, Algehele Wenner Vokaal Hoërskool
- NEA:
  - Chloë Morrow (Gr 10): 2x Itemwenner, twee Medaljewenner, twee Ambassadeurstoekennings, Nr. 3 op Senior Top 10, Wenner Senior Kontemporêre Musiek
  - Juanique Cloete (Gr 10): Itemwenner, Medaljewenner, Nr. 5 op Senior Top 10
- NEA Young Performers Showcase (April 2019):
  - Chloë Morrow (Gr 10) – kwarteindrondte
  - Layla Flockhart (Gr 10) – semi-finale rondte

KULTUURTROFEES

Voortrekkerpenning: Leierskap	Klarika Keyter (Gr 12)
Best Orator:	Kiana Steyn (Graad 12)
Beste Junior Redenaar:	Emma Aucamp (Gr 8)
Beste Senior Redenaar:	Kyle van der Merwe, Michelle van der Merwe, Lisamaré Hellmuth, Maya Münster (Gr 11)
Beste Eisteddfod Prestasie:	Layla Flockhart (Gr 10)
Beste Foto:	Chinique Fritz (Gr 9)
Beste Fotograaf:	Chinique Fritz (Gr 9)

Beste Kultuurprestasie:	Senior – Chloë Morrow, Juanique Cloete (Gr 10)
	Junior – nie toegeken
Beste Buiteskoolse Kultuurprestasie:	Marlé Bosman (Gr 9)
Junior Kultuurdogter:	Ciska Raubenheimer (Gr 9)
Junior Kultuurseun:	Stephan Mans (Gr 9)
Senior Kultuurdogter:	Mischké Fourie (Gr 12)
Senior Kultuurseun:	Rickus Cronjé (Gr 12)

HOËRSKOOL RANDBURG: MAGNEETSKOOL VIR MUSIEK

Ons doelwit by Hoërskool Randburg se Magneetskool vir Musiek is om soveel moontlik leerders musiekgeletterd te maak deur middel van hoogstaande onderrig.

Op Donderdag, 7 Maart 2019 tree Dirkie van Staden en Corneille Hutten van *CH2* tydens die *Black Tie*-konsert in die Ouditorium op.

PERSONEEL

Tans vyf permanente, twee deeltydse en een Beheerliggaampos.

LEERDERGETALLE

230 ingeskrewe leerders wat een keer per week individuele onderrig ontvang. Gevorderde leerders ontvang ook een keer per week in klasverband teorie-onderrig. By een van ons uitreikskole gee ons, per week, aan 110 leerlinge klasmusiek.

INTERNE ASSESSERINGS/EKSAMENS

Vind twee keer per jaar in die tweede en vierde kwartaal plaas.

UNISA EKSAMENS

Praktiese leerders:	Ingeskryf	40
	Ererol	3
	Lof	27
	Eervolle vermelding	8

	Slaag	2
Teoretiese leerders:	Ingeskryf	62
	Ererol	34
	Lof	22
	Eervolle vermelding	3
	Slaag	3

IN MEMORIUM

- Pula Facci (Matriek 1996)

BEHEERLIGGAAMVOORSITTERVERSLAG (VANUIT DIE JAARBLAD)

Wat 'n voorreg en eer om deel te wees van "Die Bloumasjien"-familie!

Op ons reis deur dié jaar was daar opdraendes, afdraendes en baie versteekte afdraaipaadjies... dit is met groot dankbaarheid dat Hoërskool Randburg terugkyk na nóg 'n suksesvolle jaar.

Vele Randjies kon hierdie jaar op akademiese-, kulturele- en sportgebied groei. Baie geluk aan almal wat gegroei het, presteer het en vereer is met toekennings. Ons is besonder trots op elkeen wat ons skool se vaandel hoog gehou het.

Dankie aan die bestuurspan wat op soveel terreine insette moes lewer, bo en behalwe hulle normale onderwysverpligtinge.

Dankie aan die personeel – die akademiese en buitemuurse program vereis 'n sterk onderwyserskorps. Met dié hoeveelheid kundigheid, kreatiwiteit en passie is die leerders in baie goeie hande. Dankie vir jul toewyding en harde werk.

Dankie aan ons administratiewe personeel en werkers. Sonder almal se insette op finansiële, administratiewe en kommunikasievlak sal Randjies net nie dieselfde wees nie. Ons

skoolterrein moet instandgehou word en dit verg ongelooflike harde werk. Ons is uiters dankbaar vir een en almal.

Aan al die ouers, baie dankie vir u betrokkenheid by al die skoolaktiwiteite, maar die belangrikste dankie vir u betrokkenheid by u kind. U bydrae gaan nie ongesiens verby nie.

'n Woord van dank aan die Beheerliggaam vir julle positiewe bydrae om Hoërskool Randburg 'n skool te maak om op trots te wees. Dankie vir jul tyd, kreatiwiteit en passie!

Randjies het ook in hierdie jaar uitgereik en kon 'n verskil maak in die gemeenskap om ons – wat 'n voorreg!

Aan die personeellede en die leerders wat die Randjie-familie verlaat: dink altyd met groot deernis en liefde terug aan hierdie goeie Randjie- jare. Dit was vir ons 'n voorreg om julle as deel van die Randjie-familie te kon hê. Julle het diep spore in ons Randjie-harte getrap. Laat Hoërskool Randburg altyd 'n besondere plek in elkeen van julle se harte inneem! Wees Randjie-STERRE oral waar jul gaan!

Die Feestyd is 'n tyd van welwillendheid, 'n tyd van omgee vir mekaar. Kom ons gebruik die tyd om na ons naaste uit te reik.

Mag almal die Feesgety terdeë geniet, wees veilig en kom uitgerus terug.

G ROSS: Voorsitter Beheerliggaam

HOOF SE VERSLAG (VANUIT DIE JAARBLAD)

Ons skool se visie is dat elkeen 'n ster is. Dit impliseer dat elke individu in eie reg erken en ontwikkel moet word. Geleenthede en kwaliteit onderrig en afrigting moet die talent in elke individu uitbeitel.

'n Ster moet ook positief en met selfvertroue optree. Hy moet met gemak homself as mens

kan handhaaf. Hy moet Trots wees in wat hy dink, doen en sê. Hy moet ander mense kan inspireer en motiveer in die voorbeeld wat hy stel. 'n Ster is 'n "heel" mens.

Jaarliks verlaat 'n groep matrieks die skool om verder te studeer. Randburg se oud-leerders se prestasie op tersiêre vlak word toenemend meer 'n bron van trots vir ons as skool. Randburg onderskei himself in die kwaliteit kandidate wat, as eindproduk, ons klok die laaste maal lui.

Dit bring ons by die proses van "Ster" word. Grootoog graad 8-leerders begin elke jaar van nuuts af by ons skool. Opgewonde en skrikkerig leer ken hulle die vreemde, maar kort voor lank is hulle ingeburgerde Randjies.

In hierdie Jaarblad is 'n fotobeeld van die pad na "Sterstatus". Vele prestasies en presteeders word vermeld en gewys. Elke individu word ook gewys as deel van 'n klas. Net om in hierdie boek te verskyn, impliseer jou betrokkenheid by hierdie groei na 'n volwaardige volwasse en "heel" mens.

Ons is dankbaar vir elke kind wat deel is van ons skool. Julle is spesiaal en dis 'n wonderlike voorreg om te sien hoe elkeen groei. Aan die einde van julle graad 12-jaar is ons hartseer en opgewonde oor julle nou skool verlaat. Ons is trots op ons matrieks. Ons bede en wense is vir sukses en geluk na skool en ons volg graag julle verdere lewenspaaie.
Ons is dankbaar vir ons ouers wat in vennootskap hierdie pad saam met ons loop. Ouerskap is vandag kompleks en verg baie energie van elke ouer. Met reg kan ons, as skool, met trots saam met ons ouers kyk na en deel in die produk van hul huishoudings.
Ons onderwysers is die fasiliteerders van 'n kritiese fase in elke mens se lewensreis. Die impak op elke kind se lewe kan onder geen omstandighede onderskat word nie en het noodwendig verrykende gevolge. Ons grootste waardering vir die deernis en sorg waarmee soveel van ons onderwysers hierdie roeping tot uitvoering bring.
Ons ander personeel skep die geleentheid en fasiliteit waarbinne onderrig plaasvind. Sonder hulle het ons nie 'n plek of die middele nie. Dankie.

Daar is ook 'n Beheerliggaam by ons skool vir wie die belang van ons kinders 'n eerste prioriteit

is. As afgevaardigdes van ons ouergemeenskap, tree hierdie liggaam met groot sorg in belang van ons skool op. Dankie dat elkeen sonder uitsondering ‘n passie vir Hoërskool Randburg het. Ons is in goeie hande.

Randburg is dié skool waar elkeen ‘n ster is. Vir elke liggie wat skyn, is ons dankbaar, want saam verlig julle ons skool se pad, wat hy moet loop.

P BOOYSEN: Hoof